**9 Maart**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 4:1-40**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 4:2**
**HK, Vraag 68**

## Twee, drie of sewe?

Die kern van die evangelieboodskap trek saam in die sakramente. Daarom gaan baie kerke uiteen rondom hul beskouing van die sakramente.

Die Roomse Kerk reken dat die sakramente self op 'n bonatuurlike wyse die ewige saligheid bewerk. Daarom moet die hele lewe, van geboorte (die doop) tot by die sterfbed (die laaste oliesel), deur die sewe sakramente gedra word. Die sewe sakramente is volgens hulle: die doop, vormsel (belydenisaflegging van geloof), bieg, mis (nagmaal), ordening, die huwelik en die laaste oliesel. Hierbenewens word nog talle sakramentalieë (godsdienstige rituele) onderhou om die gelowige op sy pad deur die wêreld by te staan.

Pinksterkerke erken die onderdompelingsdoop aan volwassenes en die nagmaal. Die leemte wat die miskenning van kinderdoop gelaat het word gevul met die sogenaamde inseëning van suigelinge.

Talle kultes wat nog 'n skynsel van godsaligheid het (2 Tim 3:5), het ook sakramente. Die Sewende Dag Adventiste erken byvoorbeeld die doop van volwassenes en die nagmaal, maar die nagmaal (die "groter reiniging") word voorafgegaan deur die voetwassing (die "kleiner reiniging"). Met die voetwassing was mans en vrouens in afsonderlike groepe die persoon die naaste aan hulle se voete.

As ons egter die Bybelse leer oor die sakramente nagaan is daar net twee simboliese handelinge wat onderhou moet word: die doop (Matt 28:19; Hand. 2:38, 39) en die nagmaal (Matt 6:26-29; 1 Kor 11:23-26). Albei hierdie sakramente herinner en verseker ons op 'n aanskoulike wyse aan die versoening wat God in Christus bewerk het.

*Ds. APC Duvenage (Emeritus)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~